13 Oktober 2022 / Nuusbrief 20

# MIDSTREAM RIDGE LAERSKOOL

## Rakker Sterre

Baie geluk aan Zara Pappalardo wat as die *Nasionale Victor Ludorum* junior-perdryer in Suid-Afrika aangewys is! Zara het dié ongelooflike prestasie tydens die SANESA-Kampioenskappe behaal.



**MRP onder Top 10 Skole!**





# Uit die Hoof se Kantoor

*“Die moeilikste ding van sukses is dat jy moet aanhou werk om suskesvol te wees.”*

Dit is baie duidelik dat ons al vir 'n geruime tyd hard werk, want daar is baie suskesverhale.

Ons is baie opgewonde oor al die aktiwiteite wat tydens die vierde kwartaal plaasvind. Dit gaan 'n baie opwindende, maar baie besige, kwartaal wees. Sterkte aan al die seuns en dogters wat aan die verskillende sportsoorte deelneem, asook elke leerder wat met voorbereiding vir die eksamen, besig is.

Baie welkom aan juffrou Tracy-Leigh van Bylevelt wat terug is van haar kraamverlof.

Baie geluk aan juffrou Tanique Kidd, wat nou mev. Wilken is.







| | | |
|---|---|---|
| **kykNET Ontbytsake se Uitsaai-Tye** | Saterdag (15/10) | 07:30 – 09:00 op kykNET (144) |
| | Saterdag (15/10) | 09:30 – 11:00 op kykNET & Kie (145) |
| | Sondag (16/10) | 06:00 – 07:30 op kykNET & Kie (145) |
| | Sondag (16/10) | 07:30 – 09:00 op kykNET (144) |
| | Dinsdag (18/10) & Donderdag (20/10) | 13:00 – 14:30 op kykNET (144) |
| | Dinsdag (18/10) & Donderdag (20/10) | 11:30 – 13:00 op kykNET & Kie (145) |

# SPORT

**MUURBAL LIGA**-wedstryde vind vanaf Woensdag, 12 Oktober 2022 tot Vrydag, 21 Oktober 2022, plaas. Ons wens die spelers alle sterkte toe.

**SWEM** word weer op Dinsdag, 12 Oktober 2022, hervat. Alle leerders, wat met gemak 25m lengtes kan swem, is welkom. Oefening vind op Maandae en Donderdae, as volg plaas:
Graad 1 en 2 van 13:20 tot 14:00
Graad 3 tot 7, van 14:00 tot 15:00
Op Vrydag, 21 Oktober 2022 sal daar 'n vriendskaplike gala op ons tuisgronde wees en op Vrydag, 28 Oktober 2022 nog 'n vriendskaplike gala by *Woodhill College*. Neem asseblief kennis dat vriendskaplike galas slegs vir graad 2 tot 7 leerders is. Kontakpersone is as volg:
Graad 1 tot 3: Lauren Pienaar (laurenp@midstreamridgeprimary.co.za)
Graad 4 tot 7: Nicole Prinsloo (nicolep@midstreamridgeprimary.co.za)

**ATLETIEKOEFENING** sal in die vierde kwartaal, soos aan u gekommunikeer op *Google Classroom,* voortgaan. Vir u gerief is die program weer aangeheg: Klik Hier

**HOKKIEPROEWE** vir Gauteng-Noord, vind as volg plaas:
o/12 Dogters – Vrydag, 14 Oktober
o/12 Seuns – Saterdag, 15 Oktober
o/11 Dogters – Vrydag, 4 November
o/11 Seuns – Saterdag, 5 November




Baie geluk aan **mnr. Esje Esterhuyse** wat gekies is as die spanbestuurder vir die o/13-Bulle Rugbyspan. Ons is baie trots op hom.

**Mnr. Hannes Lambrechts** is die jeugkoördineerder vir die *Gauteng-Noord Vlieghengelvereniging* en was deel van die reëlingskomitee vir die GNFFA.

# RAKKER BROKKIES

Klik Hier.... vir die **Graad 3 tot 4-Oorbruggingskursus.** (Graad 3-ouers van 2022).

Klik Hier.... vir **boekbestellings vir 2023**. Plaas bestellings asseblief so gou moontlik.

Klik Hier.... vir die **eksamenrooster** vir November.

Klik Hier.... vir die **2023 kwartaalkalender.**

Klik Hier.... vir ***Doxa Deo Kids* se aanbiddingsgeleent-heid** wat op Vrydag, 21 Oktober, plaasvind.

Klik Hier.... vir die jaarlikse ***Bybelgenootskap*-projek:** Bybelboksies.

Klik Hier.... vir inligting rakende ***TRUTH* se kossakprojek.**

# Nog Rakker-Sterre







**Heinrich Becker** (6A2), 'n o/12-stoeier, verwerf 'n silwer medalje in Vrystyl in die o/13-afdeling by die Suid-Afrikaanse Jeug Stoeikampioenskappe in Stellenbosch. Baie geluk Heinrich, jou yster!

**Adam Freeman** (7A3) was deel van die *GNFFA* Jeug A-span wat 3de by die *SAFFA Youth Nationals*, geëindig het. Die *Suid-Afrikaanse Jeug-Vlieghengelvereniging Nasionale Kampioenskap* is van 05 tot 08 Oktober 2022 by *Vaal de Sioleh* naby Parys gehou en deur *GNFFA* aangebied.

Adam het algeheel 19de by die Kampioenskap geëindig. Hy het hom by Marc van Rooyen en Ruben Lambrechts (ou *Midstream Ridge* Rakkers) in die A-span aangesluit, wat die bronsmedalje verower het. Baie geluk Adam!









# Rakker-Uitslae

## KRIEKET

Baie geluk aan die volgende leerders wat die laaste rondte van die NCU-Krieketproewe gehaal het. Die seuns het op 30 September tot 02 Oktober aan die proewe deelgeneem.

o/12 – Heinrich Becker (6A2) & Takura Mupakati (6E3)
o/13 – Darius Swanepoel (7A3), Tsebo Motjiyeng (7E3) & Cameron Hargroves (7E3)

Ons is geweldig trots op die volgende spanne wat na die NCU B-Liga Semi-Finale deurgedring het:

o/9 A-span (Naaswenners van B1-liga)
o/10 A-span (Wenners van B1-liga)
o/11 A-span (Wenners van B1-liga)
o/12 A-span (Wenners van B1-liga)
o/13 A-span (Wenners van B1-liga)

Ons o/11-Dag/Aandspan het hulle NCU A-ligabeen gewen en kwalifiseer vir die NCU A-Liga finaal, wat op Vrydag, 21 Oktober 2022 plaasvind.

## PERDRY



Baie geluk aan ons perdryspan wat tydens die *SANESA NASIONALE KAMPIOENSKAPPE* puik prestasies in verskeie afdelings behaal het:

Zara Pappalardo (6E3)
Mila Cordier (7A1)
Alice Spickett (5A1)
Edith Otte (6A3)
Caitlin Spies (6A3)
Bailey Polomé (6A2)
Rylee Clarke (4E2)
Talia Wilson (4E3)